

“Want die dwaasheid van God...”

1 Korintiërs 1:18-25



Moderne uitbeelding van die Griekse god Zeus:
<https://greekmythology.wikia.org/wiki/Gods>

I

Toe Paulus hierdie brief aan die gemeente in die ou Griekse stad Korinte geskryf het, was hulle nog maar ‘n klein klompie, meestal Jode en Grieke wat pas gelowig geword het. Hulle was, om dit sag te stel, ‘n woelige lotjie. Hulle het gestry en baklei, en losbandig en lawaaierig te kere gegaan. En die een wou slimmer as die ander wees. Want dis maar presies hoe die stad waarbinne hulle gemeente was, en die wêreld rondom hulle, gelyk het.

In Korinte het die Griekse godsdiens nog hoogty gevier, met allerlei gode waarin die mense se eie drange en drome uitgebeeld is: prag en krag, losbandigheid en lyflikheid, arrogansie en onderduimsheid, gewelddadigheid en voorspoed, en veral selfsug ... eintlik maar ‘n algemene behepthed met die self, ‘n viering van die mens wat sy eie gode uitdink en skep en hulle diensbaar aan die mens self kan maak. Dit was ‘n godsdiens waar die mens self eintlik maar god geword het.

Daarom het die Jode so gesukkel om in Christus te glo, want hulle wou kragtige tekens sien; godsdiens moes hulle voorspoedig en magtig maak – “mighty men”! En die Grieke het wysheid gesoek, logika, wetenskap; jy sou tog nie kon glo in iets wat jy nie met die menslike rede kon verklaar nie! Vir hierdie mense het die Christus wat Paulus verkondig het, as die gekruisigde Here, al hoe minder sin gemaak. Die kruis het na swakheid gelyk, dwaasheid. Watter god sou homself so verneder?

II

Eintlik het die stad Korinte presies maar gelyk soos ons moderne, sekulêre wêreld vandag – ‘n wêreld wat God nie meer nodig het nie. Want ons moderne mense het tog mondig geword, het tog al die wysheid in pag, beskik reeds oor al die krag en tegniek om God met ons selfuitgedinkte en selfgemaakte gode te kan vervang! In ons magtige menslike vermoë, ons wetenskaplike kennis en moderne tegniek, het God oorbodig geraak. Om die waarheid te sê, in ons moderne wêreld het geloof in God ‘n dwaasheid geword, ‘n anachronisme – iets wat net nie meer in vandag se denkwêreld inpas nie.

Daarom word ook die kerk in ons dag al hoe meer na die rand van die gemeenskap geskuif, weg van die markplein af, verban uit die openbare gesprek; dit word net nog verdra as ruimte waar ‘n minderheid mense hulle geloof kan uitleef – solank hulle dit net privaat doen en nie op enige manier die meerderheid probeer beïnvloed of betrek nie.

III

Maar juis vir sulke mense, vir só ‘n tydsgees, kom Paulus en hy verkondig dat God mens kom word het, dat Jesus homself prysgegee en laat verneder het, die gestalte van ‘n swakke mens aangeneem het, gely het, gekruisig is, neergedaal het na die doderyk, gesterf het en begrawe is ... Christus het homself ontledig, “magteloos” aan ‘n kruis gaan hang, homself as offer oorgegee – uit liefde vir ons. En daarmee het God sy medelye met ons as lydende mense kom vertoon. Op Homself het hy die pyn en geweld van hierdie wêreld geneem ... en dit oorwin. Juis só

kon God deur sy Seun dit alles oorwin en in ruil daarvoor aan ons die lewe skenk, genade en vrede. Dis wat Paulus bedoel as hy sê dat dit wat in die wêreld se oë dwaasheid is – ‘n lydende, gekruisigde Here – in werklikheid God se wysheid is, God se liefdesplan vol medelye vir ons as mense.

Want God weet dat al ons danige wysheid en menslike krag en selfbeheptheid niks anders as selfbedrog is nie, trouens Paulus spot hier ‘n bietjie met ons gewaande slimmigheid en kragdadigheid; hy noem dít die eintlike dwaasheid, en dat dit ons uiteindelik nie kan red nie. En dis so waar. Ons sien dit vandag. Kyk maar waar het die mense se eie gode ons gebring, ons vertrou op ons eie vermoëns: die aarde, ons lewensruimte, word vernietig, die mensdom is in krisis, ons ganse bestaan word bedreig.

IV

Maar beteken dit nou dat Paulus hier teen menslike wysheid is, teen die wetenskap, teen vooruitgang? Pleit Paulus hier dat ons nie die verstand wat God ons gegee het moet gebruik nie? Is hy anti-wetenskap, anti-intellektualisties? Is hy nie dalk besig om hier geloof teenoor wetenskap te stel nie, om dwaasheid bo wysheid te kies nie?

Want sien, dis óók ‘n kenmerk van ons dag. Omdat ons met ons danige slimmigheid onself so kwaai in die moeilikheid laat beland het, is daar baie mense wat ‘n diepe wantroue in die wetenskap ontwikkel het, skepties is oor menslike geleerdheid – selfs oor die teologie – en ook nie meer die mediese wetenskap vertrou nie. Ons hoef maar net die koerante te lees of in die sosiale media te gaan kyk hoeveel mense liever vasklou aan dwase teorieë en verdigsels, op hol gaan oor allerlei bangmaakstories en boererate – teen alle logika in.

Nee, Paulus het dit hier nie teen wysheid of mag as sodanig nie, intendeel! Waarteen hy dit wel het is wysheid en mag wat op ‘n arrogante manier vir God eenkant toe probeer skuif, asof God oorbodig geraak het. Hy het dit teen mense wat nie die boodskap oor die gekruisigde Christus kan aanvaar nie. Juis omdat geloof in ‘n gekruisigde Christus ook van óns vra om ons eie ek te

kruisig, onself prys te gee, oor te gee, alleen maar aan die genade vas te gryp en dit te waag om steeds op God te vertrou.

V

Paulus was self ook 'n groot geleerde, 'n intellektuele reus wat met verbysterende logika oor die Christelike geloof geskryf het – daarom boei sy geskrifte ons tot vandag toe nog. En tog het Paulus ook opreg, kinderlik bly glo, het sy nadenke oor die mens, oor die mens se sonde en verloreheid, hom die wonder van die kruis van Christus laat raaksien, die wonder van God se medelye met 'n gebroke, lydende en sondige wêreld. Daarom kon Paulus in verwondering skryf oor God se liefde wat Hy deur sy Seun Jesus Christus aan ons as sondaarmense bewys het. Paulus se geleerdheid het hom nie by arrogante dwaasheid van menslike selfbeskikking en selfverlossing gebring nie, maar by verwondering oor God se genade, verwondering oor God se groot ontferming.

Presies daarom kon Paulus homself oorgee in diens van hierdie wonderlike God en in diens van die boodskap van 'n gekruisigde Christus.

VI

Want, wat in die oë van die wêreld dwaasheid was en steeds is – 'n Christus aan die kruis – juis dit is die wysheid van God. Dis die boodskap wat Paulus vir die Grieke en Jode in die gemeente van Korinte wou bring, en vir ons vandag.